**SAWA WATERBERG**

**Inligtingsbrief Junie 2009**

Ons het 'n 'stil maar lekker' saamtrek by Marula gehou vanaf 15 – 17 Mei 2009. Ons was 9 woonwaens. Jantie en Wilma saam met Dries en Catie het almal welkom geheet en gesorg dat ons reëlings vlot verloop het – baie dankie vir julle harde werk, dit word waardeer. Ons 'kuier en gees' was weereens besonders met die Vrydagaand se 'hamburgers' wat baie smaaklik was !!! Saterdagoggend was dit saam 'brunch' en toe Saterdagaand was dit 'saambraai'; gelukkig het die weer saamgespeel. Sondagoggend se Erediens in die Kapel is waargeneem deur Ds. WP Prinsloo. Daarna was dit 'tee en koekies' en toe het ons almal by Marula se restuarant geeët en rustig die naweek deurgebring.

Die saamtrek program was versier met 'n vissie en groen lint; dankie aan Cora en Lettie (Ueckermann) vir die moeite wat hulle doen om ons saamtrek program aantreklik te maak.

Ons wil graag die volgende inligting aan julle deurgee;

1. **Lief**

   Mel en Lettie vier hulle 100+ plaatjie met 'sjerrjie' Saterdag aand.

2. **Leed**

   Suzette Rabie is in die hospital (Little Company of Mary) met long probleme. Faan en Suzette, sterkte daar vir julle.

   Nan Bezuidenhout ontvang tans behandeling vir 'n seer nek; Nan, ons vertrou dat hulle jou vinnig sal regkry.

   Lieb Liebenberg sal binnekort 'n operasie ondergaan. Lieb en Elsie ons vertrou dat alles goed sal afloop. Hulle seun Jaco en gesin emigreer Australia toe einde Junie 2009.

3. **Bewegings van Lede**

   Errol en Ria kuier nog lekker in die Kaap

   Johan en Wilemien, Corneels en Olive geniet 'n 'midweek' by Manyane en toe kom hulle direk na Marula toe. Dankie julle dat julle die saamtrek bygewoon het. Corneels sê dat sy nuwe Murano sleep 'soos 'n droom'.

   Carinus en Felitia het gaan kuier in die Kruger Wildtuin en loop toe vir Charles en Stienie Hamilton daar raak. Carinus sê dat hulle baie lekker gekuier het en baie wild gesien het. Tans is hulle weer in Pretoria om kleinkinders op te pas.

   Willem en Eryna Gerber woon die 25 verjaarsdag van Elandsrand by – hoop dat julle dit geniet het.

   Hennie en Cora Alberts is op pad einde Junie na Mozambique – julle moet dit geniet en veilg terug kom.

4. **SAWA Waterberg Algemene Jaar Vergadering**

Ons AJV vind plaas op 1 Augustus 2009 by Tempel. Bestuur werk hard om te sorg dat al ons reëlings vlot verloop. Ons vra asseblief dat alle 'Waterbergers' hierdie jaar die saamtrek/vergadering sal bywoon aangesien daar 'n nuwe Bestuur verkies moet word.

Ons neem kennis van die volgende,

- **Carinus Boshoff sal nie weer as Voorsitter verkiesbaar wees nie.**
- **Felitia Boshoff sal dan ook nie meer as Redakteur beskikbaar wees nie.**
- **Hennie Alberts sal ook nie beskikbaar wees as Kampkoördineerder nie.**
- **Cora Alberts sal ook nie beskikbaar wees as Sekretaris nie.**

Ons sal hierdie bestuurslede later bedank vir hulle harde werk deur die jare

Lede sal dus sien dat ons Bestuu span gaan verander. Ons vra dan nominasies vir

Voorsitter
Ondervoorsitter
Penningmeester
Sekretaris
Redakteur
Addisionele Lid
Addisionele Lid

Volgens die 'Grondwet' en 'Aanbevelings en Riglyne' van SAWA is daar duidelike prosedures wat gevolg moet word om nuwe bestuurslede te kies. Dit begin by die 'nominasie' van 'n lid vir 'n pos. Die aangehegte nominasie vorm moet volledig voltooi word en **geteken word** voor 20 Julie 2009 en dan in 'n koevert by Cora Alberts besorg word. As jy meer as een nominasie wil doen, maak 'n fotostaat van die aangehegte vorm.

Ons het al 14 nominasies vir die verskillende poste gekry so ons lede deel met ywer in die proses mee.

Sodra die nominasie sluitingsdatum verby is, sal die lys van genomineerdes gesirkuleer word en op 1 Augustus 2009 tydens die AJV sal daar gestem word.

Ons vra dat elke lid mooi sal besin oor wie hulle wil nomineer sodat ons Waterberg op die huidige hoë vlak van bestuur kan laat funksioneer.

**Ons vra ook dat lede 'n ernstige poging sal aanwend om by die AJV te wees.**

5. **Saamtrek Tempel 30 Julie tot 2 Augustus 2009**

   **<u>Neem kennis dat ons volgende saamtrek (die AJV) sal by Tempel gehou word vanaf 30 Julie – 2 Augustus 2009</u>**. Bevestig asseblief of jy gaan kom saamtrek by Mel, Johan of Cora.

   Naweek tarief R170-00, voor en na die naweek R75-00/dag.

   Die uittredende bestuurslede sal Kampkommandante wees en hulle het belowe dat Vrydagaand se verkope pret gaan wees !!!

6. **Karnavaal by Kokanje**

   SAWA Waterberg gaan 'Kerrie en Rys' by hierdie geleentheid op 24 September 2009 verkoop. Ons vra dat almal ons sal daar ondersteun.

7. **Mini Toer 2010**

   Ons beplan om vanaf 9 – 16 Junie 2010 'n toer te reël na 'Die Eiland'. Die toer sal begin by Nylstroom en dan deur Pietersburg, oor die Magoebaskloof, Tzaneen en dan Eiland insluit. Ons sal dan ook deelneem aan die 'Noordelike Presidente' by 'Die Eiland'. Kostes en datums sal later bevestig word; ons het 5 woonwaens nodig om te kwalifiseer vir 'Nasionale Toer' status.

8. **Uitnodigings Saamtrek Emmarentia Geldenhuys**

   Ons is deur Gebied Jakaranda versoek om ons saamtrek by Emmarentia Geldenhuys in April 2010 'n 'Uitnodigings Saamtrek' te maak. Die gedagte is dat SAWA Waterberg dan die ander Streke in Gebied Jakaranda nooi om saam met ons te kom saamtrek.

9. **40ste Verjaarsdag Oosrand Streek**

   Die moeder streek van SAWA, Streek Oosrand, hou 'n groot saamtrek by Bloekompoort vanaf 30 Oktober – 1 November 2009 om hulle 40ste verjaarsdag te vier. Hulle verwag dat 200 woonwaens sal saamtrek. Hulle reël 'n spogerige program. As iemand belangstel kontak Mel Ueckermann.

10. **Bonanza Naweek**

    Die Bonanza naweek vind plaas by Klein Kariba 3 - 5 Julie 2009. Kontak Cora of Mel as iemand hierdie saamtrek wil bywoon.

11. **Gebieds Saamtrek**

    Die Jakaranda Gebied saamtrek vind plaas by Weesgerus vanaf 18 – 20 September 2009. Almal is hartlik uitgenooi na hierdie saamtrek. Besonderhede sal deurgegee word sodra dit beskikbaar is.

**MEL UECKERMANN**
**1 Junie 2009**